

12.3 RAPPORT 2 – DEPUTATE VIR APPÈL – APPÈL DS FM DREYER TEEN 'N BESLUIT VAN STREEKSINODE RANDVAAL (Artt 225, 226)

- A. Die Sinode gaan in camera.
- B. Dr RM van der Merwe lewer die Rapport.
- C. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
- D. Die ondervoorsitter, ds SD Snyman, maak die besluite aan die partye bekend.

E. RAPPORT

1. Opdrag

Beoordeling van die ontvanklikheid volgens die maatstawwe van Sinode 2012 (Acta 2012:27).

Besluit: Kennis geneem.

2. Agtergrond

Die Administratiewe Buro het die Appèl op 4 Desember 2014 (Bylae A) ontvang. Die Voorsitter van die Appèldeputate het die Appèl op 5 Desember 2014 per e-pos van die Administratiewe Buro ontvang (Bylae B). Ná e-pos-kennisgewing het die Appellant aangedui dat hy nie teenwoordig kan wees by die Deputate se spesiale vergadering van 15 Desember 2014 nie (Bylae C – e-pos gedateer 11 Desember 2014).

Besluit: Kennis geneem.

3. Beoordeling van ontvanklikheid (Acta 2012:27)

- 3.1 Die Appèl is teen 'n besluit op die voortgesette vergadering van Streeksinode Randvaal 2012 wat op 19 November 2013 te GK Edenvale gehou is. Die Appellant het volgens die Deputaat Korrespondensie van Streeksinode Randvaal op daardie vergadering kennis van Appèl gegee (Bylae D). Die appellant het dus die voorwaarde van ses weke kennisgewing ten opsigte van Streeksinode Randvaal nagekom, maar hy het versuim om binne ses weke kennis van Appèl te gee “aan die adres (KO, art 45) van die vergadering *waarheen* geappelleer word (Acta 2012:27, 2.2). Hierdie versuim het verhoed dat die Deputate die Appèl gedurende 2014 kon behandel, soos wat die bedoeling van die prosedure van Sinode 2012 was.
- 3.2 Die Appellant het die kennisgewing van die Appèl, tesame met die Appèl per e-pos op 4 Desember 2014 na die e-posadres van dr Wymie du Plessis gestuur wat die Voorsitter van hierdie Deputate op 5 Desember 2014 daaroor ingelig het (Bylae B). Dit is meer as 'n jaar nadat die Streeksinode Randvaal 2012 op die voortgesette vergadering van 19 November 2013 vergader het.
- 3.3 Volgens Sinode 2012 (Acta:27, 2.3) moet die nodige kopieë (insluitende Bylaes) op eie koste aan die Skriba van hierdie Deputate verskaf word. Geen sodanige dokumente is ontvang nie.
- 3.4 Sinode 2012 vereis verder dat alle dokumente en bewyse deur die Appellant self aan sy Appèl geheg moet word, sodat die Deputate oor sy Appèl (wat ontvanklikheid insluit) kan oordeel (Acta 2012:27, 2.2). Geen dokumente, behalwe die Appèl self, is ontvang nie.
- 3.5 Die offisiële redaksie van die besluit waarteen hy appelleer, ontbreek (Acta 2012:27, 2.4.1).

Besluit: Punte 3.1 tot 3.5 kennis geneem.

4. Voorlopige bevinding

- 4.1 Die Appèl het soveel wesentlike, fundamentele gebreke dat dit nie beskou kan word as bloot tegniese, formele of prosedurele elemente nie (Acta 2012:27, 2.6.1).

4.2 Die Appèl teen Streeksinode Randvaal 2012 beantwoord nie aan die vereistes en prosedure vir ontvanklikheid soos deur Sinode 2012 goedgekeur is nie.

Besluit: Punte 4.1 en 4.2 kennis geneem.

5. Verdere handeling

5.1 Die voorlopige Rapport (Bylae E) is per e-pos aan die Appellant gestuur op 31 Desember 2014 met die kennisgewing dat die Deputate weer op 5 Januarie 2015 om 11:00 sal vergader. Volgens die prosedure (Acta 2012) moet die Appellant geleentheid tot repliek kry.

5.2 'n E-pos gedateer 1 Januarie 2015 is van die Appellant ontvang. Daarin meld die Appellant dat hy nie die vergadering van 5 Januarie 2015 kan bywoon nie. Sy e-pos-repliek word as Bylae F aangeheg.

5.3 Sinode 2012 vereis verder dat alle dokumente en bewyse deur die Appellant self aan sy Appèl geheg moet word sodat die Deputate oor sy Appèl (wat die ontvanklikheid insluit) kan oordeel (Acta 2012:27, 2.2). Die Appellant het nog steeds nie enige dokumente verskaf nie.

5.4 Die Deputate het die repliek beoordeel en oordeel dat geen nuwe getuienis aangevoer is om die voorlopige bevinding in 4.2 te verander nie.

Besluit: Punte 5.1 tot 5.4 kennis geneem.

6. Finale aanbeveling

Appèl nie ontvanklik nie.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).